



# WINDHOEK HOëRSKOOL

1974

Reünie 2014



# NUUSBRIEF 7

Julie 2013

VOORLOPIGE PROGRAM 2014 REüNIE

Donderdag, Vrydag, Saterdag en Sondag

VOORLOPIGE PROGRAM 2014

DV naweek van
**4 en 5 Julie 2014**
in Windhoek.



**Donderdagaand** – informele kuier met ouens wat reeds in Windhoek is. Geen formele reëlings of plek nie, maw reël self onder mekaar. Ek kan wel kontak info beskikbaar stel en moontlike eetplekke voorstel.

Besoek skool **Vrydagoggend** en woon weeklikse assembly by. Dit sal dalk net vir '74-matrieks wees (hang af hoe groot die groep is). Stap daarna deur die skool en koshuise.

**Vrydagmiddag** – stadtoer; sal/kan gereël word as daar genoeg belangstelling is.

**Vrydagaand** – Buffetete. Verwelkoming en stel André Louw aan die woord. Daarna beweeg en gesels en eet – elkeen volgens eie tempo, maw INFORMEEL.

**Saterdagoggend** los vir inkopies, sport en eie kuiers.

**Saterdagmiddag/aand** informele party met musiek en spitbraai.

**Sondagoggend** - erediens Windhoek-Oos gemeente met koffie en tee in die kerksaal na die tyd terwyl ons groet.

**Venue** vir buffet en spitbraai – **Arebbusch**. Vir verblyf kan julle by www.wheretostay.na kyk.

STAALTJIES

STAALTJIES

## MARIANNA BRAND ERDTELT



Vir menig een van ons was dit 'n verskrikking om **Boelina** se pad te kruis en het ons maar probeer om draaie om haar te loop. Ek was in st 7 en mnr Gous het my kantoor toe gestuur met 'n boodskap. Ek is met 'n spoed teen die trappe af. Dit was so half 'n gewoonte om as jy onder kom die reling vas te vat en met so 'n draai oor die slootjie te spring. So gemaak – en dis toe dat ek Boelina tref! Die pak boeke in haar hand het oor die aarde gesaai! Sy het my so deur die raas agter die nek beetgekry en so moes ek elke liewe boek optel! Nodeloos om te sê dat ek vir die res van my dae by WHS gesorg het dat ek nie in 'n 100m radius van haar kom nie.




**Frau Bischoff** se Duitse klasse bring baie herinneringe. Jy moes elle lange lyste Duitse idiome leer. As sy die klas instap, het sy dan die idioom begin, na een van haar slagoffers gewys en jy moes dan die res daarvan voltooi. Maak jy dit nie, is jy na die linkerkant van die klas verban wat as die *"dumm und stumm reihe"* bekend gestaan het. Daar was egter een persoon wat vir haar een te veel was - André Koorts. Die dag toe hy instap en vir haar se *"Frau do siehst aus wie ein blumchen zwiiichen bluhmen" (*en dit terwyl daar net een blom op haar tafel was), het sy haar einde bereik en moes hy vir 'n hele paar kere buite die deur staan. Terug in die klas was hy permanent aan die linkerkant van die klas , reg onder haar neus geplaas! Dit alles ter syde het ons dit gemaak en praat sommiges van ons vandag 'n heel skaflike Duits.



Ons arme boerkinders het ook nie juis genade ontvang as dit by die "Ingels" kom nie. Hou in gedagte dat ons nie televisie gehad het nie en dat die skool die enigste blootstelling aan die rooitaal was. St 6 en soos verskrikte hase het ons "**Mister Taylor**"of beter bekend as **Birdie** getref. Die les het begin met "Morning class. Stand in the aisle" en dan spel hy die woord so letter vir letter en ons dreun agterna. Daarna was dit "Auwer Vaader"wat hy soms met 'n faster faster onderbreek het. Toe kry hy dit in sy kop om die lange gebed een vir een te laat opsê. Oplossing? Die seuns plak die geskrewe een agter op die baadjie van die een wat voor hom staan vas en lees dit so deur skrefies oge. Die arme ongelukkiges wat voor in die klas gesit het, moes maar leer en sorg dat hulle die gebed ken!



Mnr **Boel Dreyer** is 'n kleinneef van my pa en het onomwonde vir hom vertel al die familielede kan wiskunde doen en dat hy nie weet wat dit met my is nie. Pa reken toe hy moet maar nie die roede spaar nie. Ek kon om een of ander bizarre rede meetkunde doen maar met algebra het ek summier toegeslaan! As hy die klas instap het hy gevra "algebra of meetkunde?" *As dit laasgenoemde was, het hy geblaf "Van der Merwe , Van der Poel - bord toe; Brand jy kan sit."* As dit eersgenoemde was het ek voor die bord geland en het hy met die bordpasser se agterkant my agterstewe warm gemaak tot ek die som op die bord klaargemaak het. Of hy wiskunde in my ingefoeter het? Ek dink nie so nie want ek het toe 'n taalonnie loop word!


Ben Horn en Imogen

Mariana Gerber Viljoen **10B**, Christo Vermeulen **10B**,
Imogen Nolte Pinsenschaum,
Mariet (Poppie) vd Berg Hayes **10B**, Theo vd Meer **10A**, Ina Schickerling Theron **10D**

# Windhoek Reunie 23 April 2013
Windhoek Reunie 23 April 2013





Mariana, Imogen en Ina


Mariet (Poppie), Cecilia (Christo se vrou) en Christo





## Swakop Reünie 22 April 2013


Elsabé Botha Profitt 10F / Mariana Gerber Viljoen 10B / Dan vd Poel 10A / Johan (Mielie) Theron 10A / Bartle Rautenbach 10D / Berdina du Plessis Geel 10C (voor)














## Swakop Reünie 22 April 2013








Mielie, Berdina en Fias (Berdina se man)



Bartle en Carine





Elsabė, Dan en Saretha (Dan se vrou)

*Hierdie…*



…is as gevolg van hierdie…















<u>Caller</u>: Eish! Tha printa he is not wekking!
<u>Customer Service</u>: What is wrong with it?
<u>Caller:</u> Tha mause he is jammed!
<u>Customer Service</u>: Mouse? Are you sure it's a printer, as they don't come with a mouse?
<u>Caller</u>: Eish! I know tha mause and also I know tha printer. I tell you. Tha mause he is jammed! That's why the printer he is not wekking!!
<u>Customer Service:</u> I'm telling you, it can't be the printer! They don't have a mouse!
<u>Caller:</u> Ookaaay! I send picha!!!

## THE CUSTOMER IS ALWAYS RIGHT!



## E–POSADRES

Enige inligting tot julle beskikking oor WHS, onderwysers, leerlinge, staaltjies ens sal waardeer word.

Stuur asseblief vir marianav@provectus.co.za

## LIEDJIES

**Songs:**
Ek dink nie ek het ooit, sedert matriek, na Uriah Heep se "The Wizard" geluister sonder om aan Betsie Schoeman te dink. Eerste ding ses uur in die oggend na die opstaanklok in die koshuis gelui het, het sy Demons and Wizards op die platespeler gesit.
Groete,
Iris

| | |
|---|---|
| Man without love | Engelbert Humperdinck |
| Candida | Dawn |
| Son of my father | Chicory Tip |
| Night Chicago died | Paper Lace |
| My belle Amie | Tee set |
| Love is a beautiful song | Dave Mills |
| Little Yellow aeroplane | Leapy Lee |
| Like I do | Barbara Ray |
| Heart of gold | Neil Young |
| Desiderata | Les Crane |

## OORLEDENES

| | |
|---|---|
| 10A | Gerda Wessels, Mathilda Oosthuizen |
| 10B | Diederik Opperman |
| 10C | Susan Schrader |
| 10F | Estelle van der Walt |
| 10F | Gideon Obbes |
| 10F | Madele Venter |
| 10C | Piet Taljaard |
| 10B | Manfred Binding |
| 10E | Elke Bender |

